


Spataar chirurgie:

Venas het 'n netwerk van mikroskopiese dun kleppies wat sorg dat die bloed nie weens swaartekrag in die onderste helfte van die liggaam opdam nie. As die kleppe om een of ander rede nie dig sluit nie, vloe die bloed terug en word dit vasgekeer. Die vena word vol, die wande rek en 'n spataar ontstaan. Spatare se voorkoms is oneweredig en is donker blou en word normaalweg in die bene gevind.

Bloed word versamel in die oppervlakkige venas van die bene net onder die vel oppervlak. Dit word dan vervoer na die dieper venas wat in die kuitspier loop. Die kragtige aksie van die kuite bevorder die vloei van bloed teen die krag van gravitasie na die hart.



Eenrigting kleppe in die area verhoed dat die bloed terugvloei. Wanneer hierdie kleppe nie behoorlik sluit nie versamel bloed in die oppervlakkige venas onder die vel. Met tyd swel hierdie venas en vorm dan spatare. Die oorsaak is onbekend. Spataar chirurgie is die verwydering van hierdie geswelde are. Pasiënte kan behandeling ondergaan vir terapeutiese of kosmetiese redes.

Chirurgiese tegnieke:

Groot, lang oppervlakkige venas (saphena magna en saphena parva) wat spatare gevorm het kan met 'n chirurgiese prosedure behandel word. Oor die algemeen word verskeie klein insisies (snitte) gemaak in plaas van een lang insisie. 'n Snit word

normaalweg in die lies of agter die knie gemaak afhangende van die posisie van die spatere.

Chirurgiese tegnieke behels:

- **Afbind en stroping:**
Die vena word afgesny en afgebind. Stroping behels die inplasing van 'n dun instrument in die vena. Die vena word dan by die tweede insisie uitgetrek.
- **Flebektomie:**
Daar word 'n aantal klein insisies (snitte) gemaak en die spatere word dan met 'n spesiale haak verwyder.

Wat om te verwag direk na die prosedure:

- Stewige verbande om die been om kneusing te verminder ten minste vir 10 dae;
- Die gebruik van pyn medikasie;
- Pasiënte word aangemoedig om rond te beweeg;
- Hospitaal verblyf van 'n dag of twee.

Algemene newe-effekte na die prosedure:

- Swelling (veral voete en enkels is geneig om te swel) wat 'n paar weke kan voortduur;
- Littekens alhoewel dit met tyd minder opvallend is as die spatere;
- Bruin verkleuring van die vel kan voorkom maar dit herstel met tyd;
- Pyn, swelling en kneusing van die vel en kuitspier kan ondervind word;
- Onopsetlike skade aan senuwee kan dalk 'n "pins and needles" of 'n dooie gevoel op sekere areas veroorsaak. Dit kan moontlik herstel (sommige gevalle neem tot twee jaar) en die moontlikheid bestaan dat dit moontlik permanente skade is.

Moontlike komplikasie van die prosedure:

'n Spataar operasie word as 'n veilige prosedure beskou, maar soos in die geval met alle chirurgie is daar 'n risiko verbonde wat die volgende insluit:

- Infeksie in die besonder as daar sere op die vel teenwoordig was;
- Bloedklonte wat in die diep are vorm;
- Bloeding of kneusing.



CARL STREICHER

ECS/vvn (Sept '11)